

## OOSHOEK / BCC NUUSBRIEF - 13 April 2018



*Dit is met 'n lekker koeligheid in die lug, wat ons vandag vir jou hier uit Ooshoek groet met die liefde van Jesus wat in ons harte brand.*

*Maak 'n lekker koppie koffie en deel in Ooshoek se reis van die afgelope paar weke...*

Die afgelope Paastyd was 'n tyd van stilstaan en nadink oor ons verhouding met God en ons medemens. So dikwels sien ons nie raak hoe goed God vir ons is nie. En dan is ons ook nog geneig om jaloers te wees op wat Hy vir ander gee... **Bid saam met ons dat die Here elke dag vir elkeen sy daaglikse brood sal voorsien en dat ons daarom, elkeen met tevredenheid sal leef.**

**Ds Pikkie en Alet het lekker vakansie gehou en is alweer volstoom aan die werk.** Gelukkig het al die stalletjiespanne Ooshoek se naam hoog gehou by *Builders* en daarom kon ons ook verlede maand die **eerste keer honorariums** aan 'n paar mense wat by die Bloemspruit Community Centre werk, **uitbetaal**, hierdie honorariums **beloop R2800 per maand**. Die klere en huishoudelike verkopings gaan voort. Moedig asseblief julle vriende aan om veral **kinderklere te skenk**. Met die winter op hande, wil ons graag dat elkeen lekker snoesig en warm sal kan aantrek. Stuur gerus die wintersklere wat julle ontgroe het, vir ons!

**Baie dankie aan almal wat so getrou sorg dat ons koskaste vol bly:**

Milo vir die meel, eetgerei en klere;

NG Woodlands se selgroep vir die groente en appels vir die kinders;

Torings van Hoop wat aartappels met ons gedeel het;

'n Donateur uit Fichardtpark vir die vrieskas; en

NG Fichardtpark vir die finansiele bystand.



Ooshoek, saam met Torings van Hoop en De Bloemgemeente, het ook 'n volhoubare voordeel ontvang uit 'n trustrekening, voortspruitend uit 'n afgestorwe boedel. Hierdie voordeel behels maandelikse klaar verpakte kospakkies vir gesinne en individue. Hier het die Here voorwaar gesorg. Baie dankie aan diegene wat hierdie deur vir ons oopgemaak het. Baie dankie vir al jul gebede... ons ervaar dat die Here besig is om op verskeie maniere vir ons rigting te wys op hierdie reis.

Ons sien uit na die **eerste samesprekings met ENGO in verband met die beoogde klub vir bejaardes**. Die Here sal ook hier in almal se behoeftes voorsien. 'n Ander opgewondenheid gaan oor die **moontlike betrokkenheid van NG Pellissier se vrouediens by die vroue van Ooshoek**. Ons bid dat die Here ook hierdie pad sal gelyk maak en vir ons almal duidelike rigtingwysers sal oprig oor die h e, wat, waar en volhoubaarheid van s  'n projek.

Tydens die afgelope Paasnaweek, het ek tydens 'n besoek aan verskeie plakkerskampe, *shelters* en tuishuise in en om Pretoria, met heelwat nuwe insig, asook 'n gedagte of twee, huistoe gekom. Ons is altyd bekommerd oor komberse vir mense in die winter, maar wanneer laas het jy 'n handdoek gekoop? **Die meeste van ons mense het nie handdoeke nie, of 'n hele gesin deel een handdoek - doodgewoon omdat hulle dit nie kan bekostig nie. Wil julle my nie help om 120 handdoeke bymekaar te maak om op Moeders- en Vadersdag aan die ouers uit te deel nie? Dalk wil jy 'n bemoedigende boodskap aan jou handdoek vasspeld?**

Ons kan moontlik hierdie poging later in die jaar herhaal om ook ons kinders te bederf. Maar onthou: hierdie keer soek ek asseblief **nuwe handdoeke**, die tweedehandse handdoeke kan na die verkopingstafels gaan. Baie dankie vir elkeen wat gaan help...

Daar is nog 'n dingetjie of twee op ons **wenslysie**: tafeltjies en stoeltjies vir ons Sterretjie-speelgroep, borduurgare, wol en nr 10-damesskoene.

**Kom kuier vir ons!** Ons sal graag ons wêreld met julle wil deel: 'n wêreld van ryk verhoudings, omgee vir mekaar en onvoorwaardelike aanvaarding van mekaar...

*Die Here seën jou  
Die Here beskerm jou  
Sy lig sal jou vooruitgaan  
En Sy liefde sal jou toevou in dae van benoudheid.*

Groete.

**Marelize Maritz**

***Bloemspruit Community Centre (Manager)***

***Reformed Initiative for Community Development (CDO)***

***NG Kerk Ooshoek, Bloemfontein, RSA***

***Cell: 082 554 6697***